IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N04/1/A1AFR/HP1/AFR/TZ0/XX

88040001

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Tuesday 16 November 2004 (afternoon)
Mardi 16 novembre 2004 (après-midi)
Martes 16 de noviembre de 2004 (tarde)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N’ouvrez pas cette épreuve avant d’y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento.

*Skryf kommentaar oor* ***een*** *van die volgende tekste:*

**1.** (a)

**Verhaal**

’n Vrou het stil geword van baie wag:
die aarde het gegly deur die spiraal
van dag en nag, was beurtelings groen en vaal
en soms het sy gehuil en soms gelag.

Ook was sy dikwels wakker in die nag,
Maar sy het in haar woning en op straat
gewoon gehandel en gewoon gepraat
En niemand het geweet hoedat sy wag.

Verlange word aanvaarding langsaam aan
want wag is beurtelings hoop en wanhoop, tot
die twee versmelt en stilte alleen bestaan.
en deur die jare het sy self die slot
van die verhaal geword: haar stilte en krag
was skoner as die ding waarop sy wag.

Elizabeth Eybers, *Ontvlugting* (1956)

**1.** (b)

Die passasie is die eerste inskrywing van ’n jong student aan ’n universiteit. Sy is verlief op een van haar mede-studente en dit gee aan alles ’n ander kleur:

**KAAPSTAD, 30 MAART**

Die dag was vaal en flou en verlep, en die droë ure netjies en behoorlik afgebaken soos ’n eindelose ry eenderse langwerpige bakstene in ’n rooibaksteenmuur.

Al daardie waardige feitbelaaide lesings kon ek maar self gaan nalees het in die biblioteek, en miskien nog hier en daar ’n blink woord, of ’n grap, of ’n uitroepteken uitgespit het. Spraakorgane, neusholte, mondholte, tong. Die tong is ’n baie beweeglike en lenige spraakorgaan. Hy kan verskillende vorms aanneem: puntig, plat, bolvormig, gebuie — en as dit reën, is dit nat; en as ’n glas te vol is, dan loop hy oor. Maar wat daarvan?

My woudpaadjie is nie meer ’n nuwe blydskap elke dag nie. Die akkerblare is vaal en stowwerig, en die dennebome se swart stamme lyk droef-verrimpeld teen die kleurlose herfsgrond. Ek mis my blou oggendrokie wat verlede jaar deur die boomstamme gerank het en so lui-lui in die takke kon rondhang en opspiraal. Net die warm wind dwaal nou huil-huil daar rond en roer die droë blare soos ou flentermuurpapier in ’n murasie.

Vuil stadrook en blikkerige verkeersgeluide warrel gedurig om my. Die bont mensestrome hinder my soos nooit tevore nie. Vol eensaamheid en versmoorde hartstog is hulle almal seker ook maar — hulle wat daar so regop in die treine en die trems sit en so uitdrukkingloos daar op die sypaadjies by mekaar verbyskuur; en vanaand as elkeen in sy kamertjie kom en doodstil in die bed lê, is hy seker weer helder eerlik en innig en dink hy seker stilletjies die woorde, die sinne wat sy eie is en wat hy op sy eie manier sê.

Jou hande is vol betekenis, en jou oë is my so bekend. Jou stem het partymaal die innigheid van ’n motreëntjie in die skemering. Ek wens jy was nou meteens hier om met jou stem en ’n eie versie ’n reënboog oor my dag se vaalte te span.

Hettie Smit, *Sy kom met die Sekelmaan* (1943)